# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

07 JUNIE 2026 Nr 23



| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* | Skriba/ | *Pieter du Plessis* |
| | 051 436 2930/082 410 7447 | Koster: | 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* | Kerkkantoor: | 051 436 2932/082 570 1804 |
| | 083 776 6989 | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | 072 469 7778 | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | 072 784 9451 | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* | Kassier: | *Mariza Mosca* |
| | 079 888 8910 | | 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ | *Kerkkantoor* | Kerk: | ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065 |
| Evangelisasie: | 082 570 1804 | Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026 |
| | | Sustershulpdiens: | ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 |


## VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07 Jun: Br Anton Klopper | 083 378 5950 | 11 Jun: Br Gert Venter | 082 856 1781 |
| 07 Jun: Gideon de Wet Jnr | 073 101 5199 | 11 Jun: Sr Hettie Bezuidenhout | 082 374 7769 |
| 08 Jun: Br Cecil Heyns | 079 522 2032 | 13 Jun: Sr Aline Kruger | 074 138 8210 |
| 08 Jun: Oudl Jaco Kirstein | 082 881 4060 | 13 Jun: Sr Geri Kotzé | 051 436 3324 |
| 10 Jun: Stephan Heyns | 072 469 7778 | | |

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Emeritaatsfonds.***

## KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Aangesien die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders reeds verlede Sondag afgesluit het vir die kwartaal, sal daar nie hierdie Sondag katkisasie wees nie. Daar sal wel nog teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Groenvlei*** en ons bedank byvoorbaat diegene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Dit is dan ook die laaste teebediening vir die kwartaal. Die katkisasie en teebediening hervat weer op DV Sondag, 26 Julie 2026 wanneer wyk ***Lucas Steynstraat*** aan die beurt kom. Die katkisasieklasse vir die Gr 9,10 en 11 leerders het ook reeds afgesluit en begin weer DV op Woensdag, 22 Julie 2026.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**<u>Gemeentebou aksies:</u>**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   *Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

## SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word hierdie Sondag tydens die erediens bedien aan ***Elise du Pisanie***, Verbonds-dogtertjie van ***br Koos en sr Kelsey du Pisanie*** van Monte Video 40. Ons wens die ouers van harte geluk en ons bede is dat die Here hulle die nodige krag en genade sal gee om die Doopbelofte tot die eer van Sy Naam na te kom.

## ONS DINK AAN…

***Sr Truida Klopper*** van Gratias 36 wat 'n heupvervangings-operasie in Mediclinic ondergaan het. Ons bid haar die nabyheid van die Here toe en vertrou dat sy gou weer op die been sal wees!

## GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Oor twee weke, op DV Sondag, 21 Junie 2026, vier ons gemeente die Sakrament van die Heilige Nagmaal. Volgende Sondag is dit dan ook die *Voorbereidingsdiens* met die oog op die viering daarvan.

Na afloop van die Nagmaalsdiens bied die Susters weer 'n gemeente-ete in die *Wikus Vorster Saal* aan. Die koste beloop R60 vir volwassenes en hoërskool-kinders en R40 vir laerskoolkinders, terwyl dit gratis is vir voorskoolse kinders. Almal word hartlik uitgenooi om dit by te woon – bring net asseblief u eie eetgerei en drinkgoed saam. Diegene wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle name op die BLOU vorm in die voorportaal aanbring. Die geld kan in die bussie gemerk Sustersbydrae in die voorportaal geplaas word of in hulle rekening by *Absa (632005), rekeningnommer 0470 341 769* inbetaal word met u naam en "ete" as verwysing. Betalings kan ook tydens die ete gemaak word.

## KERKRAADSVERGADERING

Die Kerkraad (ouderlinge) vergader DV hierdie Sondag na die erediens in die kerkgebou. Die belangrikste saak op die sakelys is die terugvoering van die wyksouderlinge aangaande hulle wyke. Die Diakonie vergader voor die diens in die *Wikus Vorster Saal*.

## BYBELSTUDIE

Die maandelikse Sondagmiddag Bybelstudiebyeenkoms word hierdie Sondag om 17:00 in die konsistorie gehou. Almal is hartlik welkom!

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroep ontvang:*
- Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Wolmaransstad.

*Beroep nie aanvaar nie:*
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Venterstad.

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE TWEEDE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***14 Junie*** | Voorbereidingsdiens |
| Maandag ***15 Junie*** | Spesiale Skoolvakansiedag |
| Dinsdag ***16 Junie*** | Jeugdag |
| Sondag ***21 Junie*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Vrydag ***26 Junie*** | Skole sluit |

# DIAKONIE
## HELP MET
# *VERVOER*

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

## KLERE DONASIES

**Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.**



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

**Enige navrae:**
**Elize Heyns 082 868 1620**

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Genesis 9:1-19
Teks : Genesis 9:16
Sang : Sb 12-3:1,2 en 12-5
: Ps 105:1,2
: Sb 9-3:1,2
: Ps 134:4
: Ps 105:5
: Sb 18-7:1,9,12

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.

Titus 3: 6,7







- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 9064463273 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr



*TEN EINDE AAN DIE POPI WET TE VOLDOEN, WORD DIE KINDERS SE IDENTITEIT BESKERM*

61 kindertjies in die Grondslagfase van *Kareefontein Primêre Skool* in Venterstad het gebreide serpe, mussies en handskoene ontvang. 'n Hartlike woord van dank aan ***sr's Annelie van Rooyen en Cecilia van Wyk*** van ons gemeente en ***sr Rina Blignaut*** van GK Bloempark vir hierdie besonderse liefdesdiens wat hulle aan hierdie arm gemeenskap gelewer het!

***Daar is tans 'n dringende behoefte aan wintersklere en komberse.***




Mootkamp is die GKSA se skoolverlaterskamp met die doel om geloofsgroei en geestelike toerusting onder jongmense te bevorder. Die kamp is spesifiek gerig op hoërskoolleerders (Graad 10–12) sowel as studente, wat dien as groepleiers en tog ook die nodige advies vir hulle lewens verkry.
Enige navrae rakende die kamp kan gerig word aan SJ Verhoef via WhatsApp. (066 391 7446)



Ten bate van Lettie Fouché Sentrum

GELOOF EN LIEFDE

Versamel plastiekproppies
en oorhandig aan
Sr Machteld du Plessis
073 251 9286

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-NOORD



Kuier

Gemeenskap

Lekker wees!

## Gereformeerde Kerk
# BLOEMFONTEIN-NOORD
# Kamp 2026

**RIVER OF JOY**
(20km buite Bloemfontein)

## 9–11 OKT. 2026

### AKKOMMODASIE & TARIEWE

| | | |
|---|---|---|
| **Eenheid 4:** | Dubbele eenheid | @ **R890** |
| **Eenheid 5:** | Gesinskamer (4 in een kamer) | @ **R1050** |
| **Eenhede 2, 3, 8:** | Gesins-eenhede (4 in twee kamers) | @ **R1150** |
| **Eenhede 6 & 7:** | 10-bed | @ **R1850** |
| **OF Slegs Eenheid 7:** | Dubbele eenheid | @ **R890** |
| **Eenheid 1:** | 7-slaapkamer | @ **R1750** |

### KAMPERING

- Kampering @ **R380**/staanplek/nag ing. eerste 2 persone
- + **R100**/ekstra volwassene
- + **R60**/ekstra per skoolkind
- Maks. 6 persone per *staanplek*
- Pensioenarisse @ **R330** vir twee

### DAGBESOEKERS

- **R80**/volwassene
- **R40**/skoolkind

### Baie pret vir die kinders!

- Speletjies
- Natuurlik ons dominee-vasvra!

**Almal welkom!**

Dagbesoekers vir die Saterdag ook welkom.

### ETES

- **Vrydagaand:** Bring en braai – bykosse word verskaf
- **Saterdag brunch:** Nacho's word verskaf
- **Saterdag laatmiddag – aand:** Braai (alles word verskaf)

*Bring snacks, drinkgoed en alle tipe persoonlikhede!*

*Kom braai en kuier saam en leer ken medegelowiges!*

*Skenkings van bykosse, pryse ens. sal verwelkom word!*

*Besprekings: Karien van Rooyen*

079 888 8910




# Inhoud

*Junie 2026*

**JAARGANG 127, NO. 3411, JUNIE 2026**

**Die ryke oes van Hemelvaart en Pinkster**


1 Van die redakteur: Dag van Verootmoediging
2 Hemelvaart ... Jesus gaan terug na sy Vader toe!
4 Hemelvaart ... sy troonsbestyging – Psalm 47
6 Hemelvaart ... Koninklik doelgedrewe vaart van ons hemeladvokaat
8 Die Seun vaar op ... en stuur sy Gees
10 Die Gees plaas die kollig op Jesus Christus
12 Verskyning van die opgestane Here ...
14 Die Heilige Gees bring die wêreld onder Jesus se heerskappy
16 Gees, lyding en getuienis
18 Eers dit ... Gedoop deur die Heilige Gees
19 *Die Kerkblad* kuier by ... Ds. Chris Coetsee (90)
22 Griet se Storie: Aftree of aantree?
24 Kontak met die Kongo
26 (Wes)Kaap van Storms
28 My identiteit in Christus: Gewerk deur die Heilige Gees
30 Die trek na Argentinië (4): Kerkeenheid misluk onder die Afrikaners in Chubut
32 Kleinadvertensies


**REDAKSIEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| REDAKTEUR: | Ds. C Aucamp |
| KOPIEREDAKTEUR: | Mev. J Fourie |
| ADDISIONELE LEDE: | Mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer, prof. IW Ferreira |

EUROPESE KORRESPONDENT: Dr. VE d'Assonville

**Adresbesonderhede:**

- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R390 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R590 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R165 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R590 per jaar |

**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




*EIENAARS EN UITGEWERS*

*Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.*

*Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.*

# VAKATURES: PRES KRUGER KINDERHUIS REDDERSBURG

## KINDERVERSORGER

**Vereistes:**
☐ Matrieksertifikaat of soortgelyke kwalifikasie ☐ Goeie menseverhoudinge
☐ Vermoë om goed in spanverband te funksioneer ☐ Geldige bestuurslisensie
☐ Energiek en gemotiveerd ☐ Bereid om ongereelde ure te werk
**Ons bied:**
☐ Mededingende salaris ☐ Behuising ☐ Etes tydens diensure
**Dokumente wat die volledige CV moet vergesel:**
☐ Gesertifiseerde afskrifte van ID, matrieksertifikaat, bestuurslisensie en ander kwalifikasies.

Aansoeke kan gestuur word aan: ElandriV@reddersburgkinderhuis.co.za
Sluitingsdatum: 17 Junie 2026
Slegs kortlys kandidate sal gekontak word.

## HULP MAATSKAPLIKE WERKER

**Vereiste kwalifikasies**:
☐ ’n Gepaste kwalifikasie as Maatskaplike Werker of Hulp Maatskaplike Werker
☐ Registrasie by die South African Council for Social Service Professions (SACSSP) as Maatskaplike Werker of Hulp Maatskaplike Werker
☐ Ervaring in werk met kinders sal voordelig wees
☐ Bestuurslisensie
**Verantwoordelikhede:**
☐ Ondersteuning aan die maatskaplike werker in die lewering van maatskaplike dienste binne die CYCC
☐ Bevordering van die welstand van kinders deur ondersteuning met administratiewe prosesse
☐ Hulp met rekordhouding, verslae en algemene administrasie
☐ Ondersteuning van programme en dienste wat aan kinders gelewer word.
**Sleutelvaardighede:**
☐ Basiese beradings- en kommunikasievaardighede
☐ Goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede
☐ Vermoë om onder toesig te werk
☐ Empatie en geduld
☐ Vermoë om goed in spanverband te funksioneer
**Aansoeke moet vergesel wees van:**
☐ Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies, identiteitsdokument, bestuurslisensie
**Ons Bied:**
☐ Mededingende salaris ☐ Aangename werksomgewing

Aansoeke kan gestuur word aan: ElandriV@reddersburgkinderhuis.co.za
Sluitingsdatum: 17 Junie 2026
Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.

Gereformeerde Teologiese Akademie
Reformed Theological Academy

# GTA KURSUSSE

**R2600 P.KURSUS**

## TWEEDE SEMESTERKURSUSSE:

- Inleiding tot die Nuwe Testament
- Skryf Akkuraat
- Nuwe Testament: Evangelies en Handelinge
- Coram Deo: Lewe voor God in gebed
- Drie Formuliere van Eenheid
- Ou Testament; Pentateug
- Evangelistiek
- Kerkgeskiedenis van Afrika
- Kanoniek van die Bybel

**BESOEK ONS WEBBLAD**

https://rgta.org.za/

**SKRYF IN!**

- Die kursus strek oor 6 maande
- Kursusse word in die aande aangebied en opgeneem
- Jy kan 'n Sertifikaat van Bevoegdheid OF 'n Sertifikaat van Bywoning voltooit

